GROEIGROEP MATERIAAL
KERK-IN-SUID
PO10SIAAL
'n Saak groter as jouself...

Inleiding

Ons begin ‘n nuwe reeks hierdie kwartaal wat ons noem ‘**Po10siaal**’. Die doel van die reeks is om oor die potensiaal van elkeen van ons se lewe te praat asook die potensiaal van ons gemeente. God gee vir ons potensiaal en dikwels gee ons hierdie potensiaal weg. Ons nooi jou uit om hierdie kwartaal saam met ons op reis te gaan sodat ons die volle potensiaal van God in ons lewe kan ontdek.

Gesprek losmaker

Ons sê baie keer goed wat ons nie altyd bedoel nie. Het jy al die woorde gebruik ‘Te Duiwel met die Res’? Deel bietjie met mekaar waar en hoekom jy dit gebruik het. Wat het jy daardeur bedoel?

As Christene is ons nogal veral gefokus op God se hart vir mense en die wêreld. Ons is ook na Sy beeld geskape en daarmee ook Sy verteenwoordigers hier op aarde. Ons is ook vennote in die bou van Sy Koninkryk. God se Vaderlike hart van liefde en omgee maak dat God nooit hierdie woorde van ‘Te Duweil met die res’ sal gebruik nie. Die moontlikheid is nogal groot dat wanneer ons sulke woorde of ingesteldheid openbaar dit vir God regtig hartseer mag wees. Hoe dink julle daaroor?

Oor Sondag se preek

Sondag het ons gesels oor ‘n woordjie wat ons eerder sou wou vermy naamlik selfsug. Selfsug is iets wat ons almal ongemaklik maak. Dit is nie lekker as iemand my selfsugtig noem nie maar ook nie wanneer ek aan die ontvangkant van selfsug staan nie. Daar is ‘n paar goed van selfsug wat ons moet weet:

- Selfsug is soos ‘n lekker poeding. Dit hou net vir ‘n rukkie dan is dit verby. Die gevolge van selfsug dra ons dikwels lank met ons saam.
- Iemand moet betaal vir selfsug. As ek selfsugtig leef gaan die mense om my die prys daarvoor moet betaal. Suid-Afrika het ‘n voorbeeld geword van ‘n land waar leiers selfsugtige besluite geneem het en die burgers betaal nou daarvoor.
- Selfsug kos jouself ook baie. Iemand wat selfsugtig leef kan maklik eendag vind dat hulle alleen is.
- Dit roof jou ook van jou potensiaal. Wanneer jy net besig is om na jouself om te sien mis jy uit op jou groter roeping in hierdie wereld. Jy gaan nie die nalatenskap hê waarvoor God jou gemaak het nie. Die lewe gaan om jou plaasvind en jy gaan uitmis.

Wat is julle belewenis van die selfsug waarin onsself, die gemeenskap en ons land verval het?

Skriflesing

- Lees Jacobus 4:1-4

Wat leer ons alles uit die gedeelte?

- Lees Johannes 12:24-27

Wat leer ons alles uit hierdie gedeelte?

Slot

Selfsug steel van ons soos ‘n dief van ons kom steel. **Johannes 10:10** 'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

Het selfsug al van jou gesteel of geslag of uitgeroei?

Selfsug is ‘n konstante oorlog waarin ons is. Jesus het gekom sodat ons ons volle en godelike potensiaal kan vind.

Gebed

Here maak ons vry van die selfsug wat so van ons steel en ons potensiaal uitroei